**Maandag 30 Oktober**
**Skrifgedeelte: Deuteronomium 12:1-7**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 12:6, 7 (AFR 2020)**
**Net een plek vir aanbidding!**

Ons lees hier van die opdrag aan die Israeliete om die menigte offerplekke en afgode van die Kanaäniete te verwoes; om elke teken van die Kanaänitiese afgode se bestaan uit te wis. Dié aksie moes getuienis lewer van die volk se absolute verwerping van hierdie afgode. Dit moes ook getuig van hulle ywer om die Here alleen te dien soos Hy van hulle verwag.

Die wyse waarop en waar God gedien moet word, word nie deur mense bepaal nie, maar uitsluitlik deur God Self. Na die plek wat God self aanwys, moet hulle gaan met al hulle offers. Hier, in die teenwoordigheid van die Here, moes die deel van die offer wat hulle toegekom het, met blydskap geëet word as 'n dankbare belydenis dat alles wat hulle reggekry het, slegs is omdat die Here hulle God hulle voorspoedig gemaak het.

Die volle verlossing is geopenbaar waar Jesus Christus as Lam van God vir die sondes van die wêreld geslag is. Meer nog! Die belofte van die Vader, die Trooster, die Heilige Gees is vervul. Vir ons waarlik Immanuel, God met ons. Daarom vereer ons God nie meer net op 'n bepaalde plek nie, maar God wil deur ons lewe in gemeenskap met Hom en ons medegelowiges die verloregaande wêreld deur ons nuwe lewe en getuienis na Hom lei.

Juis omdat die verlossing ons anders maak, soek ons die onderlinge byeenkomste gereeld op. Om daar deur ons gemeenskap met God en ons medegelowiges na God se wil te vra, opgebou en versterk te word om vandaar dankbaar vir God se versorgende genade ons roeping in hierdie wêreld te vervul.

*Sing: Psalm 96-1:7, 8*

*Ds. S Hibbert (Simon) (emeritus)*